higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 3

(11020293)

16 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

590Q1S2016

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die land se regulerende raamwerk bepaal hoe vervoerdienste ontwerp, beplan en bespreek word.

1.1.2 Beplanning verwys na die uitkomsproses- en plan (Departement van Ekonomiese Ontwikkeling).

1.1.3 Dis belangrik om daarop te let dat die vervoerbeleid staties is en dis veral nie dinamies van aard nie.

1.1.4 Volgens die beleidsdokument is die strategiese doelwit van POVS ('RABS') om toegang tot tydige en toepaslike gesondheidsorg te fasiliteer.

1.1.5 Die meeste lugkapings word uitgevoer deur terroriste of mense wat passasiers as gyselaars wil gebruik.

1.1.6 Een van die areas waaroor lugvaartbeleide gewoonlik verskil, is lughawetydsgleuwe.

1.1.7 'n Vervoermark verwys na die individue of besighede wat die verskillende vervoerdienste gebruik of sal gebruik wat aan hulle beskikbaar is.

1.1.8 Die aantal passasiers wat openbare vervoerdienste gebruik hang af van die toeganklikheid en beskikbaarheid van vervoer.

1.1.9 Ekonomiese regulasies beteken dat die agentskap verkeer-strukture moet beheer.

1.1.10 Die verantwoordelikhede van ANTS sluit noodsein- en soek-en-reddingskoördinasiedienste in.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n item vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	… is oorspronklik deur die nasionale taxi-taakspan (NTTS) aanbeveel as 'n strategie om die Suid-Afrikaanse Kombi-Taxi-bedryf te transformeer en te reguleer	A	vrag
1.2.2	'n Vorm van niegemotoriseerde vervoer sonder 'n voertuig of diere wat die reis te voet begin en eindig	B	taxi-herkapitaliserings-program (THP)
1.2.3	Dis gestig om vergoeding uit te betaal vir verlies of skade as 'n motorvoertuig bestuur word	C	loop
1.2.4	Vervoer van massavrag in 'n vraghouer of voertuig deur middel van enige openbare of private vervoermiddel	D	vliegtuigveiligheid
1.2.5	Vervoer van mense teen vergoeding met behulp van enige reis- of vervoermiddel, of dit nou 'n motorkar, metertaxi, bus, ens. is	E	POF ('RAF')
		F	openbare vervoer
		G	midi-bus

(5 × 1) (5)

1.3 Skryf die volgende akronieme volledig uit:

1.3.1 'MSA'

1.3.2 'ACSA'

1.3.3 SAVD ('SATS')

1.3.4 NHO ('NPA')

1.3.5 'SAMSA'

(5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Definieer die volgende terme:

2.1.1 Bus

2.1.2 Agentskap

2.1.3 Geskil

2.1.4 Appél

2.1.5 Minibus

(5 × 2) (10)

2.2 Noem VYF kritiese beleide van die Departement van Vervoer. (5)

2.3 Noem VIER soorte hawegebruikers wat deur TNPA se diensaanbod geteiken word. (4)

[19]

VRAAG 3

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

MISDAAD EN KORRUPSIE: BEDREIGING VIR SA-PADGEBRUIKERS

Johannesburg – Die padveiligheidsorganisasie, Arrive Alive, berig dat die meeste misdade wat padgebruikers affekteer, wissel vanaf kapings tot 'n nuwe neiging genaamd 'bike-jacking', oftewel motorfietskaping.

Misdade soos diefstal en vernietiging van eiendom het 'n drastiese uitwerking op padtoestande. Diewe steel dikwels kabels wat lei tot verminderde sigbaarheid en wat die lewens van bestuurders en voetgangers in gevaar stel. Dit kan ook verkeersligte affekteer. Die SAPD berig dat die diefstal van ongelukversperrings en mangatdeksels wat as skrootmetaal verkoop word ook padgebruikers in gevaar stel.

Arrive Alive lys die volgende as misdadigers op paaie: Bestuurders onder die invloed van alkohol en dwelms, misdadigers wat bekend staan as die 'Blouligbendes' en hulself as polisiebeamptes voordoen om padgebruikers te kaap en te beroof, misdadigers op motorfietse wat toeriste teiken, misdadigers wat misdade pleeg en paaie roekeloos gebruik tydens hul ontsnappogings, transito-rooftogte en taxigeweld.

'n Ander groot kopseer vir Suid-Afrikaanse padgebruikers is die verbysterende aantal korrupte regeringsamptenare wat lei tot ongekwalifiseerde bestuurders en onpadwaardige voertuie. Volgens die AA, word korrupsie of omkopery in regsterme beskryf as 'die praktyk om 'n private voordeel aan te bied (en te aanvaar) vir die uitvoering van 'n diens'. Korrupsie manifesteer in die volgende areas: bedrieglike lisensiëring, bedrog rakende padwaardigheid, omkopery rakende verkeersboetes en korrupsie rakende regsprosesse.

[Verwerk vanuit: *Wheels24*, 09 Junie 2014]

3.1 Skryf die akroniem AA volledig uit. (2)

3.2 Korrupsie of omkopery is een van die uitdagings wat deur die vervoerbedryf in Suid-Afrika in die gesig gestaar word.

Definieer *korrupsie* of *omkopery* soos genoem in die gevallestudie. (2)

3.3 Wat is 'n nuwe neiging rakende misdaad op Suid-Afrikaanse paaie? (2)

3.4 Arrive Alive noem verskeie soorte misdadigers op Suid-Afrikaanse paaie.

Beskryf SES soorte misdadigers vanuit die gevallestudie. (6 × 2) (12)

3.5 Noem VIER areas van korrupsie vanuit die gevallestudie. (4 × 2) (8)

3.6 Wat moet die Suid-Afrikaanse regering en alle verwante belanghebbendes doen om die misdaadvlakke en korrupsie op Suid-Afrikaanse paaie te verminder? (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Beskryf die hoofoogmerk en -doel van die volgende wette en regulasies wat op die vervoerbedryf van toepassing is:

4.1.1 Wet op Nasionale Landvervoer, 2009

4.1.2 Wysigingswet op Oorgrenspaaie, 2008

4.1.3 Wet op Padongelukkefonds, 1996

4.1.4 Wet op Nasionale Padverkeer

(4 × 2) (8)

4.2 Noem VIER areas van verantwoordelikheid van die nasionale Departement van Vervoer. (4)

4.3 Verduidelik die SES belangrikste beleide van die vervoerbedryf aangaande beplanning en ontwikkeling. (6)

4.4 Noem DRIE bestuursverantwoordelikhede van ACSA se verskeie lughawens. (3)

4.5 Noem DRIE aanskaffingstrategieë van SANRAL. (3 × 2) (6)

4.6 Beskryf TWEE bydraes wat die TAT lewer ten opsigte van die breër ekonomie en openbare diensverskaffing oor die algemeen. (2 × 2) (4)

[31]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou